Sondag 26 Februarie

# Kouland 2

## Episode 7: Jaw Breaker

**Kerngedagte :** Wanneer daar konflik is, is ons eie selfsugtigheid ons grootste vyand. Die Here wil graag hê dat ons mense soos Hy sal liefhê, selfs wanneer ons verskil van mekaar.

**Doelwit :** Kinders gaan nadink oor die manier waarop hul konflik hanteer. Hul gaan 3 stappe tot konflik hantering leer soos wat in Jakobus 1:19-21 vir ons gegee word.



**Sleutelteks:** Jakobus 1:19-21

**Bybelverhaal:** Simson die "Jaw Breaker" Rigters 13 -16

Konflik is iets wat nie vermy kan word nie. Niemand hou daarvan nie en tog is dit so deel van ons lewens. Selfs die kleinste kindertjies kan baklei dat die hare waai. Soms breek konflik uit in 'n boksgeveg. Ander kere word die woorde gebruik wat diep snye in harte agterlaat. Een ding is seker, of dit 'n boksgeveg of woord wisseling is...niemand stap as wenner uit so geveg uit nie. Houe is uitgedeel en gevat en elke persoon wat betrokke was kry seer.

Ons wil so maklik die vyand gebruik as verskoning vir ons optrede. Alhoewel die duiwel graag konflik en twis in ons lewe wil hê is dit baie keer ons eie selfsug wat veroorsaak dat ons in sy hand speel. Ons koppe is eenvoudig hard. Ons harte is eenvoudig hart. Net so hart soos 'n "jawbreaker" lekkergoed. Ons is so gefokus daarop om in 'n geveg ons sin te kry, dat ons eenvoudig nie die ander persoon se punt kan insien of in ag kan neem nie.

Daar is ook verskeie verhale in die Bybel waar konflik op die voorgrond is. Een van die eerste verhale waar mense betrokke is, slaan Kain sy broer Abel morsdood. In Rigters leer ons van baas vegters wat hul baan oopgeveg het. Daar is een van hierdie Rigters wat uitstaan bo hul almal. Een wat ons van kleins leer ken vir sy krag. Dit is natuurlik Simson.

Die verhaal van Simson wat ons die beste onthou is die deel wat hy sy groot geheim vir Delila gee en op so manie rook sy eie ondergang veroorsaak. Simson het wel 'n groot fout begaan deur Delila in te laat in sy lewe, maar hy het 'n paar foute daarvoor ook gemaak. Groot foute wat baie mens ese lewens gekos het.

Simson het verlief geraak op 'n Filistynse meisie. Alhoewel sy ouers hom afgeraai het om met haar te trou, het hy klaar sy besluit geneem. Hy is to Ena die Filistyne toe om die meisie te vat as sy vrou. By 'n fees wat gehou is, gee Simson vir die Filistyne 'n raaisel. Hy gaan met hulle 'n weddenskap aan dat hulle die sy raaisel sou kon antwoord nie. As hull edit sou kon doen binne 7 dae, sou hy 30 nuwe stelle klere aan hulle gee. Die Filistyne kon nie die raaisel se antwoord kry nie en vra toe die Filistynse vrou om die antwoord uit Simson te kry. Sy het toe vir die Filistyne die antwoord gegee en Simson het die weddenskap verloor. In groot woede bars Simson los op 30 mans in Askelon gaan doodslaan en die klere van hul lywe afgevat. Hy het vir die Filistyne gegee wat hy beloof het maar was so kwaad, dat hy die vrou net daar gelos het en terug is na sy huis toe.

Later het Simson weer besluit om terug te gaan en sy vrou te gaan soek. Toe hy by die Filistyne kom vind hy uit dat die meisie gegee is vir ''n ander man om mee te trou. Briesend storm Simson daar weg, vang 300 jakkalse en bind hul sterkte twee-twee aan mekaar vas. Hy sit ''n vuur fakkel in die middel van die jakkalse se sterte vas en jaag hulle in die Filistyne se graanlande in sodat alles verwoes kan word. Toe die Filistyne daarvan uitvind, was hulle weer so woedend dat hulle die meisie waarvan Simson gehou het en ook haar pa verbrand. Toe Simson hiervan te hore kom, was hy so kwaad dat hy duisende Filistyne doodgeslaan het. Hy het gevlug en in ''n rotskloof by Etam gaan woon om weg te kom van alles. Die Filistyne het dit egter nie daargelaat nie. Hulle was so kwaad vir Simson, dat hulle die hele stam van Israel aangeval het en Simson se mense se land oorgeneem het. Simson se verhaal stop nie eers daar nie en 'n mens raak skoon moedeloos van al die houe wat reeds uitgedeel is...

Niemand wen in konflik as dit op verkeerde manier hanteer word nie. Jesus het ook konflik gehad in Sy lewe op aarde, maar Hy het dit altyd in Liefde hanteer. Selfs toe die soldate besig was om Hom te kruisig, het Hy vir vergifnis vir hulle gesmeek by die Vader.

Nou, hoe kan ''n mens daarin slaag om ''n konflik situasie in liefde en wysheid te hanteer? Gelukkig gee Jakobus 1:19-21 vir ons die beste raad. *Wees gewillig om te luister, moenie te gou praat en kwaad word nie en neem God se Woord aan.* Vanuit hierdie gedeelte kan ons aan 3 wenke dink wat ons kan help om helder denke te hê wanneer ons in konflik verkeer:

**Wenke vir helder denke:**

Bid 3 keer

Luister 2 keer

Praat 1 keer

As ons elke konflik situasie voor God se voete sit en Hom vertrou om vir ons wysheid te gee, dan sal Hy dit doen. Hy beloof om Homself aan ons te openbaar wanneer ons Sy aangesig soek. ''n Mens kan nie God se aangesig soek as jy nog uit selfsug wil antwoord nie. Vra die Here op jou mooi te help om alle konflik uit Sy wil te hanteer. Dan, is dit nodig om twee keer meer te luister as wat jy wil praat. Vra die Here om jou insig te gee oor die manier waarop die ander persoon die situasie sien. Vra Hom om jou hart sag te maak sodat jy ook kan vergewe soos wat Hy vergewe. Laastens, as jy moet terug praat, laat dit altyd die waarheid ion liefde wees. Praat met die wysheid wat net by God gekry kan word. As mens uit selfsug praat breek jy af en sê jy sleg. As jy moet die Wysheid van God kan praat, sal jy in liefde reghelp Mag die Here jou lei om jou harde kop en harde hart wat "jaw Breaker" hard was te verander na ''n Jesus hart en Jesus gedagtes wat lewens verander en opbou 'n liefde.

# 1. Ontmoet & Groet

### 'n Hartlike hallo aan julle dierbare Koubouters!

Welkom terug by Kouland, ons eie lekkergoed fabriek. Jong ons het vandag 'n lekker soet boodskap wat wag, so kom ons kry gou onsself gereed met 'n lekker

### Koubouterstrek:

1. Kom ons maak asof ons lekker taai soet stroop op ons arms het wat ons elmboë en hande teen mekaar vasplak. Ons hou dit daar vir 1.2.3 en dan trek ons hulle weg van mekaar. En ons plak weer vas....en ons trek weer weg. En ons plak weer vas. En ons trek weer weg.

2. Aai, nou het daar van die soet stroop op ons knie beland en ons hand sit vas aan ons knie. Lig jou knie en jou (teenoorgestelde hand) op en sak. EN op en sak. Ai nou is die ander hand weer vas aan die knie. En tel op en sak. En tel op en sak. Kom ons kyk hoe vinnig kan ons al twee knieë en hande optel en sak. Eers die een hand en knie. Dan die ander hand en knie.

3. Kom ons haal lekker diep asem in en lig ons hande op 1...2...3.. en asem uit en sak ons hande tot by ons voete.

Daarsy! Laat ek bietjie sien. Nee wat dit lyk of julle nog so bietjie aan die slaap is. Kom ons sing eers bietjie 'n liedjie saam:

*Speel die musiek video en dans saam met die kleuters.*

# 2. Grootgroep Aanbieding

Ag wonderlik julle, dankie dat julle al weer hier by ons kom kuier het. Dit is so lekker om julle almal weer te sien en ...

**Helper:** Maak asof jy huil.

Aanbieder: Ag nee is jy okay?

**Helper:** Ek is jammer, ek en my sussie het baklei vanoggend. Ek het gedink ek is okay maar my hart is so seer en my hare ook, sy het my hare baie seer getrek.

Ag nee, ai dit is nooit lekker as mens baklei nie. Kon julle darem dinge uitpraat?

**Helper:** Nee, sy het die fight gewen. Sy het gekry wat sy wou hê en ek het net verloor en seergekry.

**(Haal "Jaw Breaker" Lekkergoed uit)**

Jong soos dit vir my klink het nie een van julle twee gewen nie. Jy laat my nou dink aan hierdie "jaw breaker" lekkergoed. Wie van julle ken ''n "jaw breaker"? Ja, dit is ''n harde soet bal maar mens kom amper nooit tot in die middel nie. Nou as mens twee van hierdie "jaw breakers" teen mekaar kap dan kry al twee seer. Daar breek daar later stukke af van die "jaw brekers" wat mens nooit sal kan terugkry nie. Wanneer mens op die verkeerde manier baklei verloor almal en almal kry seer. So seer soos daai stukke van die "jaw breaker" wat afgebreek het wat mens nie weer kan terugkry nie. Daar is nie een wenner nie. Net hartseer en verhoudings wat seerkry.

**Helper:** Is daar dan ''n regte manier om te baklei?

Dierbare mens kom sit hier. Maats, God weet dat ons in 'n wêreld vol sonde is. Hy weet dat daar baie keer tye gaan kom wat ons vassit met iemand. Wie van julle het al baklei met ''n boetie of sussie of selfs ''n maatjie by die skool? Ons kan maar almal ons hande opsteek want hierdie dinge gebeur.

Die Here wil graag hê dat ons dit op die regte manier hanteer as ons vassit met iemand.

Wag so bietjie, ek het iewers ''n paar prente wat ons sal help om dit beter te verstaan. Spring gou op en draai in die rondte terwyl ek die papiere soek.

**Prent 1: Maats wat trek aan speelding:**

Wie kan vir my sê wat gebeur hier? Dink julle hulle baklei op die regte of verkeerde manier?

Ja, ek dink julle is reg. Jong weet julle wat sien ek hier. Selfsugtigheid. Wie weet wat beteken dit om selfsugtig te wees? Dit beteken jy dink net aan jouself en nie aan jou maat nie. Dink julle die maatjies is selfsugtig? Oee so selfsugtig wees is die verkeerde manier om te baklei.

**Prent 2: Maat wat 'n ander maat slaan**

Wie kan vir my sê wat gebeur hier? Dink julle hulle baklei op die regte of verkeerde manier?

Ja, ek dink julle is reg. Die maatjie slaan die ander een omdat hy kwaad is. Jong weet julle wat sien ek hier? Ek sien iemand wat sukkel om beheer te hou as hy kwaad is. Wat beteken dit maats? Ja, julle is reg. As mens sukkel om

jouself te beheer as jy kwaad is dan doen jy goed en sê jy goed sonder om eers mooi daaroor te dink. Dit is ook die verkeerde manier om te baklei.

### Prent 3: Maat wat  skree op ''n ander maat

Wie kan vir my sê wat gebeur hier? Dink julle hulle baklei op die regte of verkeerde manier?

Ja, ek dink julle is reg. Die maatjie skree op die ander een. Seker gee hy ook nie vir die ander maatjie '''n kans om iets terug te sê nie. Maatjies, hoekom dink julle het ons twee ore en net een mond gekry? (laat kleuters raai) Dit is om ons te laat onthou dat ons twee keer meer moet luister na ander as wat ons net praat en praat.

Sjoe, weet julle wat dink ek nou...spring gou op en draai in die rondte, ek wil vir julle iets wys maar ek kry gou my goedjies reg.

**Demonstrasie:**

**Kry buisie tandepasta en snyplank gereed**

1. **Druk van die tandepasta uit op die snyplank en sê:** Maats, wanneer ons op die verkeerde manier baklei soos wat ons hier bo gesien het, dan is ons selfsugtig. Ons praat en skree en maak seer sonder om te dink wat ons doen. Net soos wat hierdie tandepasta uitkom sonder dat ek dit kan keer, kom daar partykeer lelike goed uit ons monde uitsonder dat ons dit kan keer.

2. **Probeer nou die tandepasta terugkry in die buisie en sê:** Baie keer nadat ons so lelik geskree en seergemaak het, dan voel ons sleg in ons hartjies. Dit is omdat Jesus vir jou sê dat jy op verkeerde manier baklei het. Ons wil dan nadat ons al daai slegte goed gesê het jammer gaan sê, maar partykeer is dit onmoontlik om al die seer wat ons gemaak het weg te kry. Die woorde wat ons sê en die dinge wat ons doen maak mens baie baie seer en net soos wat die tandepasta sukkel om terug te kom in die buisie, kan ons nie dit wat ons gesê het net weer wegkry nie.

**Helper:** Nou voel ek sleg want ek het baie lelike goed vir my sussie gesê. Ek was selfsugtig, ek het nie myself beheer toe ek kwaad geword het nie en ek het nie geluister vir haar nie. Maar hoe baklei mens dan op die regte manier?

Ek is so bly jy vra. Voor ek dit antwoord, kom ons gaan haal net bietjie eers ons koppe daar teen die dak.

> *Kom ons gaan haal ons wakker koppies daar heel bo teen die dak (Haal lekker diep asem as jy die dak raak) en ons bring hulle bietjie af na onder toe om te kom rus (asem uit soos wat jy jou tone raak) – herhaal proses tot jy sien kleuters is weer rustig en gereed om verder te luister.*

Man dit voel nou beter. Maats sê gou saam met my Jakobus 1:19. Nou in hierdie boek in die Bybel kry ons die antwoord. Daar staan 3 dinge wat ons moet doen as ons met iemand vassit:

1.*Wees bereid om te luister,*
*2. Moenie te gou praat en kwaad word nie*
*3. Doen wat God se Woord sê*

Nou ek het sommer 'n rympie uitgedink om beter te onthou wat om te doen as ek met iemand vassit. Ek noem dit sommer my wenke tot helder denke. Spring gou op dan sê julle saam met my:

**Bid 3 keer**
**Luister 2 keer**
**Praat 1 keer**

Ja, man! Bid 3 keer beteken jy moet eerste met God praat voordat jy met jou maatjie praat. Ons moet sommer 3 keer meer bid daaroor as wat jy praat met jou maat ook. Jy moet bid en vir Hom vra om jou te help dat jy sal praat en doen soos wat Hy graag wil hê jy moet. Maatjies, jy kan maar vir God vertel dat jy kwaad is en dat jy seergemaak voel. Vertel vir Hom presies hoe jy voel. Die Here belowe ons dat wanneer ons dit wat ons pla vir Hom gee, sal Hy vir ons Sy vrede gee. Soos wat jy al jou hartseer en kwaad met Hom deel, gaan jou hartjie klaar beter voel. Dit gaan jou help om nie te skree en te slaan omdat jy nie jou hart kan beheer nie

Luister 2 keer beteken dat ons meer vir die ander maat moet luister as wat ons net praat en skree. Maats, ons het twee ore en een ons gekry. Mag dit ons altyd laat onthou dat ons twee keer meer moet luister as wat ons praat, veral as ons verskil van ''n maat.

Maatjies, as jou hart rustig is omdat jy alles wat jou pla vir God gegee het en as jy baie mooi geluister het na jou maat, dan gebeur iets wonderlik. As jy dan praat en sê wat jou pla, dan sal jy met wysheid praat. Om wys te wees beteken dat God jou op ''n spesiale manier slim maak, sodat jy deur Jesus se liefde sal praat. Dit wat jy sê sal nie seermaak nie, maar sal uit liefde kom.

Kom ons sê gou weer wat is ons wenke vir helder denke:

**Bid 3 keer**
**Luister 2 keer**
**Praat 1 keer**

Baie mooi. Nou ek wil julle vinnig vertel van iemand in die Bybel wat nie op die regte manier baklei het nie. Hy was wel baie baie sterk in sy lyf, maar in sy kop en sy hart was hy swak. Hy het sommer net links en regs geslaan en seergemaak voordat hy gedink het. Wie ken julle in die Bybel wat baie baie sterk was met sy lyf?

Simson! Julle is reg.

## Haal die Simson pop uit

Kom ek lees vir julle 'n gediggie van Simson se lewe:

*"Nou sal ek julle 'n ding of twee wys",*
Storm Simson weer briesend uit die huis.
die deure klap en die koppies breek,
Simson wil sy woede oor almal laat wreek.
Simson is vinnig om alles reg te slaan,
hy breek af en maak seer daar waar hy gaan.
Simson die man met die grootste sterkste spiere,
vergeet skoon van die Here se wil en Sy maniere.
Die Here wil graag hê Sy liefde moet sigbaar word,
al sit jy vas met ander, al is jou humeur kort.
Skep 'n asem en word stil, al wil jou woede druis,
Die Here verstaan en wil graag Sy hart ook vir jou wys.
Hy verstaan dis onregverdig, Hy sien jou hartseer raak,
maar jy kan nie net so aangaan en ander seer gaan maak.
Hy vra jou om die hele saak voor sy voete te sit,
vertel Hom en vertrou Hom terwyl jy 3 keer daaroor bid.
Die Here het vir jou 2 ore gegee, sodat jy dubbeld moet kan hoor,
hoe jou vriend sy hart skoonmaak, sonder om jou humeur te verloor.
Wanneer dit dan jou beurt is, om jou kan van die saak te stel,
mag jy dan praat met wysheid en liefde, sonder om te skel.
So leer by Simson en kry 'n tem vir daai humeur so kort,
die Here sal jou help as jy na Sy wil soek,
sodat Sy liefde meer in jou kan word.

Maats, Simson het baie keer geslaan en geskree voordat hy gedink en gebid het. Dit het op die ou einde baie hartseer en seer vir homself en al die mense om hom gebring. Mag ons nie soos Simson sterk wees in ons lyfies maar swak in ons koppe en harte nie. Mag ons koppe en harte nie so hard soos hierdie "jaw Breaker" wees nie. Niemand wen wanneer twee harde koppe en harde harte stamp nie. Onthou die wenke wat Jakobus 1 vir ons gee. Kom ons sê dit vir oulaas saam:

**Bid 3 keer**
**Luister 2 keer**
**Praat 1 keer**

Dankie, vir julle saamleer maats, ons gaan nou spesiale boek merkies maak wat julle vir iemand kan gee as julle weer baklei.

# 3. Kleingroep aanbieding:

## Aktiwiteit 1: harde kop, harte hart, maak almal kwaad en so verward

*Sê die volgende in jou eie woorde:* Maats, as twee harde "jaw breaker" lekkergoed teen mekaar kap kry al twee seer. Kater breek daar sommer stukke van hulle af. Nou as ons baklei met maats met harde koppe en harde harte, dan baklei ons op verkeerde manier. Dan kie sons om selfsugtig te wees, ons sukkel om onsself te beheer as ons kwaad is en ons kluister nie na ons maat nie.

God wil graag hê ons moet nogsteeds Jesus se liefde wys, selfs al verskil ons van iemand. Daar is 3 wenke wat ons kan volg om volgende keer wat ons vassit met iemand dit beter te hanteer. Kom ons sê dit gou weer vir mekaar:

**Bid 3 keer**
**Luister 2 keer**
**Praat 1 keer**

Ja, man! Bid 3 keer beteken jy moet eerste met God praat voordat jy met jou maatjie praat. Ons moet sommer 3 keer meer bid daaroor as wat jy praat met jou maat ook. Jy moet bid en vir Hom vra om jou te help dat jy sal praat en doen soos wat Hy graag wil hê jy moet. Maatjies, jy kan maar vir God vertel dat jy kwaad is en dat jy seergemaak voel. Vertel vir Hom presies hoe jy voel. Die Here belowe ons dat wanneer ons dit wat ons pla vir Hom gee, sal Hy vir ons Sy vrede gee. Soos wat jy al jou hartseer en kwaad met Hom deel, gaan jou hartjie klaar beter voel. Dit gaan jou help om nie te skree en te slaan omdat jy nie jou hart kan beheer nie

Luister 2 keer beteken dat ons meer vir die ander maat moet luister as wat ons net praat en skree. Maats, ons het twee ore en een ons gekry. Mag dit ons altyd laat onthou dat ons twee keer meer moet luister as wat ons praat, veral as ons verskil van ''n maat.

Maatjies, as jou hart rustig is omdat jy alles wat jou pla vir God gegee het en as jy baie mooi geluister het na jou maat, dan gebeur iets wonderlik. As jy dan praat en sê wat jou pla, dan sal jy met wysheid praat. Om wys te wees beteken dat God jou op ''n spesiale manier slim maak, sodat jy deur Jesus se liefde sal praat. Dit wat jy sê sal nie seermaak nie, maar sal uit liefde kom.

Kom ons maak nou spesiale boekmerkies wat ons vir iemand kan gee as ons weer baklei. Hou een vir jouself dat jy kan onthou hoe om nogsteeds Jesus se liefde te wys vir iemand al verskil jy met hulle.

## Instruksies:

1. Deel vir elke kind ‘’n boekmerkie aktiwiteitvel uit. Lees vir hulle wat daarop staan

2. Laat die kinders nou die boekmerkies uitknip en met die blinkers en inkleurkryte versier.

3. Deel ook ‘n situasie waar jy dalk met iemand vasgesit het en hoe die Here jou gehelp het om hulle te vergeef of die situasie op te klaar.

## Aktiwiteit 2: Simson dei “jaw breaker”

Maats, Simson het baie keer geslaan en geskree voordat hy gedink en gebid het. Dit het op die ou einde baie hartseer en seer vir homself en al die mense om hom gebring. Mag ons nie soos Simson sterk wees in ons lyfies maar swak in ons koppe en harte nie. Mag ons koppe en harte nie so hard soos hierdie “jaw Breaker” wees nie. Niemand wen wanneer twee harde koppe en harde harte stamp nie. Onthou die wenke wat Jakobus 1 vir ons gee. Kom ons sê dit vir oulaas saam:

**Bid 3 keer**
**Luister 2 keer**
**Praat 1 keer**

## Instruksies:

1. Deel die inkleurvel uit en laat kleuters dit versier.

Help die kleuters om hul werkies in hul Bouboeke te liasseer.

Dankie dat jy vandag se les spesiaal gemaak het!

# Ek is Jammer

Liewe maat, ek weet jy is kwaad, maar kom ons volg liewer **Jakobus 1:19-21** se raad.

Hier is ook 3 wenke om te help in die saak, sodat ons liewer vrede kan maak




3

**Bid 3 keer** – vir wysheid en die Vader se wil



2

**Luister 2 keer** – luister meer as wat jy praat en wil gil



1

**Praat 1 keer** - uit liefde en vergifnis en onthou...


# Ek is Jammer

Liewe maat, ek weet jy is kwaad, maar kom ons volg liewer **Jakobus 1:19-21** se raad.

Hier is ook 3 wenke om te help in die saak, sodat ons liewer vrede kan maak





3


**Bid 3 keer** – vir wysheid en die Vader se wil





2

**Luister 2 keer** – luister meer as wat jy praat en wil gil


1

**Praat 1 keer** - uit liefde en vergifnis en onthou...


Al is ek kwaad bly ek lief vir jou!


# Ek is Jammer

Liewe maat, ek weet jy is kwaad, maar kom ons volg liewer **Jakobus 1:19-21** se raad.

Hier is ook 3 wenke om te help in die saak, sodat ons liewer vrede kan maak





3


**Bid 3 keer** – vir wysheid en die Vader se wil





2

**Luister 2 keer** – luister meer as wat jy praat en wil gil


1

**Praat 1 keer** - uit liefde en vergifnis en onthou...

Al is ek kwaad bly ek lief vir jou!

# Ek is Jammer

Liewe maat, ek weet jy is kwaad, maar kom ons volg liewer **Jakobus 1:19-21** se raad.

Hier is ook 3 wenke om te help in die saak, sodat ons liewer vrede kan maak





3


**Bid 3 keer** – vir wysheid en die Vader se wil





2

**Luister 2 keer** – luister meer as wat jy praat en wil gil


1

**Praat 1 keer** - uit liefde en vergifnis en onthou...

Al is ek kwaad bly ek lief vir jou!

# Naam:.............................................

## Simson die "jaw breaker"

*"Nou sal ek julle 'n ding of twee wys",*
Storm Simson alweer briesend uit die huis.
die deure klap en die koppies breek,
Simson wil sy woede oor almal laat wreek.
Simson is vinnig om alles reg te slaan,
hy breek af en maak seer daar waar hy gaan.
Simson die man met die grootste sterkste spiere,
vergeet skoon van die Here se wil en Sy maniere.
Die Here wil graag hê Sy liefde moet sigbaar word,
al sit jy vas met ander, al is jou humeur kort.
Skep 'n asem en word stil, al wil jou woede druis,
Die Here verstaan en wil graag Sy hart ook vir jou wys.
Hy verstaan dis onregverdig, Hy sien jou hartseer raak,
maar jy kan nie net so aangaan en ander seer gaan maak.
Hy vra jou om die hele saak voor sy voete te sit,
vertel Hom en vertrou Hom terwyl jy 3 keer daaroor bid.
Die Here het vir jou 2 ore gegee, sodat jy dubbeld moet kan hoor,
hoe jou vriend sy hart skoonmaak, sonder om jou humeur te verloor.
Wanneer dit dan jou beurt is, om jou kan van die saak te stel,
mag jy dan praat met wysheid en liefde, sonder om te skel.
So leer by Simson en kry 'n tem vir daai humeur so kort,
die Here sal jou help as jy na Sy wil soek,
sodat Sy liefde meer in jou kan word.

3 Wenke vir helder denke:

**Bid 3 keer** – vir wysheid en die Vader se wil

**Luister 2 keer** – luister meer as wat jy praat en wil gil

**Praat 1 keer** - uit liefde en vergifnis en onthou...

Al is ek kwaad bly ek lief vir jou!



Let op, my geliefde broers, elke mens moet flink wees om te luister, stadig om te praat, stadig om kwaad te word. Want die woede van 'n mens bewerk nie geregtigheid voor God nie. – Jakobus 1:19-21

## Dierbare Koubouters Skatte!

Dit was omtrent 'n bedrywige dag in die fabriek vandag gewees. Vandag het ons geleer dat niemand wen wanneer ons selfsugtig is wanneer ons baklei of vassit met iemand nie. Op die ou einde kry almal seer en ons breek mekaar af. Die Here wil graag hê dat ons in Jesus se liefde sal optree, selfs wanneer ons met iemand verskil.

# Aktiwiteit 1: harde kop, harte hart, maak almal kwaad en so verward

*Sê die volgende in jou eie woorde:* Maats, as twee harde "jaw breaker" lekkergoed teen mekaar kap kry al twee seer. Kater breek daar sommer stukke van hulle af. Nou as ons baklei met maats met harde koppe en harde harte, dan baklei ons op verkeerde manier. Dan kie sons om selfsugtig te wees, ons sukkel om onsself te beheer as ons kwaad is en ons kluister nie na ons maat nie.

God wil graag hê ons moet nogsteeds Jesus se liefde wys, selfs al verskil ons van iemand. Daar is 3 wenke wat ons kan volg om volgende keer wat ons vassit met iemand dit beter te hanteer. Kom ons sê dit gou weer vir mekaar:

**Bid 3 keer**
**Luister 2 keer**
**Praat 1 keer**

Ja, man! Bid 3 keer beteken jy moet eerste met God praat voordat jy met jou maatjie praat. Ons moet sommer 3 keer meer bid daaroor as wat jy praat met jou maat ook. Jy moet bid en vir Hom vra om jou te help dat jy sal praat en doen soos wat Hy graag wil hê jy moet. Maatjies, jy kan maar vir God vertel dat jy kwaad is en dat jy seergemaak voel. Vertel vir Hom presies hoe jy voel. Die Here belowe ons dat wanneer ons dit wat ons pla vir Hom gee, sal Hy vir ons Sy vrede gee. Soos wat jy al jou hartseer en kwaad met Hom deel, gaan jou hartjie klaar beter voel. Dit gaan jou help om nie te skree en te slaan omdat jy nie jou hart kan beheer nie

Luister 2 keer beteken dat ons meer vir die ander maat moet luister as wat ons net praat en skree. Maats, ons het twee ore en een ons gekry. Mag dit ons altyd laat onthou dat ons twee keer meer moet luister as wat ons praat, veral as ons verskil van ''n maat.

Maatjies, as jou hart rustig is omdat jy alles wat jou pla vir God gegee het en as jy baie mooi geluister het na jou maat, dan gebeur iets wonderlik. As jy dan praat en sê wat jou pla, dan sal jy met wysheid praat. Om wys te wees beteken dat God jou op ''n

spesiale manier slim maak, sodat jy deur Jesus se liefde sal praat. Dit wat jy sê sal nie seermaak nie, maar sal uit liefde kom.

## Ons stukkie vir vandag is in Jakobus 1:19-21

### Uitdaging vir die week:

1. Hoe kan ons mekaar help wanneer ons selfsugtig wil raak?
2. Deel 'n boekmerkie uit vir ''n maat as julle weer baklei of vassit.
3. Bid saam en vra vir die Here om julle te help om die raad van Jakobus 1:19-21 te voel as julle weer vassit met iemand
4. Gaan sê jammer vir iemand wat jy al seergemaak het
5. Bid vir iemand wat jou seermaak.



Dankie, vir julle saamleer vandag. Fluit-fluit ons kuier is uit, gaan versprei nou hierdie geloofsles vêr en wyd!

Skryf iemand se naam neer met wie jy hierdie boodskap gaan deel: ..........................................................................





